

## EDITORIAL/REDAKSIONEEL

*In this issue, we are proud to publish a number of excellent or provocative contributions representing a broad and mixed spectrum of universities, namely Wits, Tukkies, Potch, Fort Hare, Natal and RAU. Three of the articles fall in the field of organisational communication (Verwey, Angelopulo and Coetzee & Pottas), whilst the others touch upon controversial topics such as election coverage in 1989 (Van Zyl), intercultural communication (De Wet), post-apartheid mania (Tomaselli) and comparative advertising (Bloom). The latter was written while the author was finishing her Honours-degree in Communication, specialising in advertising. The editorial board certainly encourage such contributions from postgraduate students. They are refreshing and bold.*

*It will be worthwhile to take cognisance of the golden thread running through the articles of Angelopulo and Verwey. Both of them are espousing an almost revolutionary theory — not only of organisational communication”, but of organisations as such, regarding the latter as a “manifestation of communication. For the first time, communication is seen as not merely a variable in the organisation, but as a process, a behaviour, a participation; that which makes the formal organisation possible, and, in Angelopulo’s case, that which determines its potential effectiveness through shared meanings of its active outward orientation.*

*These perspectives will not only influence those of the managerial sciences or other social sciences, but also the supporters of glasnost and perestroika, not without controversy, of course.*

*Ek wil afsluit deur 'n paar opmerkings oor SAKOMM, en kommunikasiewetenskaplikes in Suid-Afrika in die algemeen, te maak. In hierdie verband verwys ek lesers onder andere ook na Pieter Fourie se Forumbydrae in die vorige uitgawe, asook Willem de Klerk se laaste woord in hierdie uitgawe. Terselfdertyd wil ek byvoeg dat die probleme wat SAKOMM oor die jare ondervind, nie ongewoon is aan die aard van die mensdom in die algemeen, en akademië in die besonder, nie. Uitgesluit die handjievol SAKOMM-lede wat maar altyd hulle kant bring — werk, soebat, skryf, raas, organiseer en bestuur — is daar gewoon ook diegene wat onverskillig staan en wat nie belangstel om bydraes vir vaktydskrifte te stuur nie, of hulle vak te bemark nie, of referate vir vakkonferensies voor te lê of selfs laasgenoemde gewoon by te woon nie (soos in 1989 toe Prof Calvyn Snyman 'n eretoekening van SAKOMM ontvang het en nie 'n enkele verteenwoordiger van sy universiteit daar was om te deel in die applous nie).*

*'n Mens kan jouself kwalik indink dat die probleem “ideologies” is soos vroeër beweer is, want ons Engelse vakgenote begin baie sterk figureer in SAKOMM-aktiwiteite en kommunikasiekundige bedrywighede in die algemeen. Ook nie dat die vakgebied nie dinamies is nie, want bydraes van ander vakkdisiplines en buite-instansies stroom in. Nee, dit lyk maar asof Afrikaners, soos van ouds, nie kan saamstaan nie.*

*Klaarblyklik moet SAKOMM dan maar aanvaar dat dit met die onverskilliges baie goed gaan. Hulle universiteite het soveel geld dat dit nie vir hulle nodig is om te publiseer, om voor te dra en om navorsing te doen soos ons gewone mense nie. Kortom, hulle is só besig en só suksesvol dat hulle hulself nie hoef te assosieer met hierdie onbenullige aktiwiteite nie. Nou ja, aan hulle sê ons “the best of Republican luck. Die res van ons, so lyk dit in alle geval, sal maar sonder hulle moet regkom.*

**Nina Overton**